

KOERSVAS


Jaargang 3 Uitgawe 53 5 Desember 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Regsbeginsels

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Gesonde dankbaarheid.

Dit is Kersfees, die tyd van vrede en dankbare mense wat dink aan Immanuel, God met ons. Die vraag is na die aard van ons dankbaarheid. Dit gaan nie net oor die manier waarop ons dankbaarheid bewys nie, maar ook oor die inhoud van ons dankbaar-wees.

Die wêreld en die winkels in die besonder, wil hê dat ons onder andere dankbaarheid wys en betuig deur geskenke aan mekaar te gee. Hoe groter die geskenk, hoe groter die dankbaarheid! In dieselfde asem word geskenke ook die middel om skuldgevoelens die mond te snoer. Die uiteinde van die proses is dat dankbaarheid en skuldgevoelens redes tot geskenke word. In die gee van geskenke skeep ons die belangrikste van dit wat ons kan gee, af. Ons vervang tyd, deernis en liefde met indrukwekkende geskenke en so saam met die toedraai van die geskenk, dink ons ons draai al die ander sakies ook toe. Opregte dankbaarheid, loop uit op die gee van jouself aan God en jou naaste. Tyd, deernis, geduld en liefde is groter geskenke as enige goud-beklede toegif. Dit is die skewe redes wat gegee word om

dankbaar te wees wat vir my groter rede tot kommer is.

Tog te dikwels hoor ons iets soos: "Ek was so hartseer oor my mank been totdat ek iemand sonder bene gesien het." Mense kyk na hulle eie situasie en vind dan iemand anders wie se omstandighede slegter is as hul eie, en dan word dit hulle rede tot dankbaarheid. Dit is 'n ongesonde, omgekeerde piramide van ellende wat gebou is op ander se gebreke, tekorte en hartseer. Kom ons dink die saak logies deur. Die een sonder bene moet dan dankbaar wees omdat hy arms het. Die een sonder arms en bene moet dankbaar wees sodra hy iemand sien wat blind is en sonder arms en bene is. So word die eie vermeende ellende teen iemand ander se groter ellende geweeg en dan word jy dankbaar dat jou situasie nie so sleg is nie. Dan word die stelling gemaak dat God iemand genadiglik daardie erger situasie gespaar het. Waaroor moet die een aan die basis van die ellende-ketting dankbaar wees? Dat hy vir ander mense rede en voorbeeld tot dankbaarheid is?

Daar is 'n gesonde basis vir die gevoel van dankbaarheid en dit is God se genade. Nie die vermeende genade wat jou vanuit 'n erger situasie spaar nie, nie die vermeende

genade wat jou oë oopmaak dat jy ander se “erger” ellende raaksien nie. Nee, dit is die genade van God wat in die mens se ellende ingekom het, mens geword het om die prys van die sonde volledig te betaal. Die genade-ketting werk met ander woorde as positiewe stimulus tot dankbaarheid. God het die mens van sonde en die dood gered. Ons lewe nog in die bedeling waar die oorblyfsels van die sonde duidelik sigbaar is. God het nie vir die mens se ellende teruggedeins nie, en doen dit steeds nie. God is met elke mens in ellende, help dra aan daardie las wat die gevolg van die sonde is. Om terug te gaan na die aanvanklike voorbeeld toe; God is met die een met die beseerde been, met die een sonder bene. God help dra aan daardie las, daar is geen mens wie se situasie so ellendig is dat God nie in daardie mens se lewe teenwoordig wil wees nie, nie wil krag gee na kruis nie. In ons ellende word ons nie geroep om na ander te kyk nie, maar om die stal en die Kindjie raak te sien en dankbaar te weet Immanuel, God is met ons in elke situasie.

Regsbeginsels by wyse van herinnering

So aan die einde van nog 'n kalenderjaar word die vraag telkens gevra na die vordering in die regsdinge met die NHKA. Wat het alles gebeur en wat moet nog gebeur? Wat vat alles so lank en gaan daar ooit 'n einde aan die sake wees? Hoekom is die sake nie al afgehandel nie? Om die vrae te beantwoord, moet ons wys op die vordering hierdie jaar, almal herinner aan die hofsake wat ter sprake is, en aan die redes agter die sake.

Ons moet in ag neem dat hofsake en hofprosesse baie tyd in beslag neem. Ons

gaan nou vakansie hou en mense wonder oor die vordering van die saak. Dit is duidelik dat daar goeie vordering is.

- Die groei in die aantal sake wat die NHKA in die hof aanhangig gemaak het, het opgehou. Onthou, die Hervormde Kervereniging het 'n hofgeding begin, ds Jaap Steenkamp het noodgedwonge hofbeskerming gesoek en die eerste drie selfstandige gemeentes het 'n hofbevel aangevra wat sou stel dat hulle optrede (eiendomme skenk) wettig was. Al die sake daarna is deur die NHKA se regsverteenwoordigers aanhangig gemaak. Ironies wanneer ons onthou dat hulle ten hemele geskreeu het dat gelowiges nie hof toe gaan nie.

- Daar is 'n ooreenkoms bereik dat nie een van die twee partye iets doen oor eiendomme en beleggings onder dispuut nie.

- Al die sake is in een groep saamgebondel. Dit beteken dat een hofsake al die strydpunte gaan aanspreek.

- Daar is een regter wat die saak bestuur.

- Die regspanne het konsensus oor die dispute ter sprake. Sodra die hofsake begin, sal hierdie dispute (soos deur advokaat du Plessis geformuleer) beredeneer word.

Dit bly deurgaans die standpunt van die Bondgemeentes dat daar na mediasie gekyk moet word, dat 'n skikking verkies word bo die deurgaans met die hofproses. Om in 'n skikking in te gaan, beteken om van sekere beginsels en aansprake afstand te doen. 'n Ooreenkoms, of skikking sal beteken daar word nie uitspraak gelewer oor sake waarvoor ons sterk voel nie. Ons voel egter dat dit in belang van almal is om

te kyk of die dispute nie geskik kan word nie.

Desnieteenstaande verskeie pogings van ons kant af, weier die NHKA steeds om enige **redelike** skikkingsvoorstelle te oorweeg.

KENNISGEWINGS - Bybelvasvra

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra DV 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondag 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Gemeente: Elke gemeente eie vasvra indien so verkies op datum self vasgestel

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband soos self in streeksverband georganiseer

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

VERDERE REËLINGS

Reël asb self plaaslik na goeë dunde. Ek sal nader aan die tyd DV kommunikeer in verband met reëlings vir finale rondte en saamstel van vraestelle ens.

Mag almal in u gemeente wat deelneem se geloof deur die studie versterk word!

Ds LJ Strauss - Voorsitter Komitee vir Jeug en Kategese

Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

BANKBESONDERHEDE:

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)
 ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika
 Rekeningnommer: 6243 092 3088
 Takkode: 250 655

Belangrike skakels om te gebruik:

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bondsprekante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

SteedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Plaas gerus foto's en inligting van u funksies op die Geloofsbond se webblad.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING
 by 018 381 1494.